

Sondag 7 September

Skrifgedeelte: Matteus 6:25-34

Fokusgedeelte: Matteus 6:26, 28 (AFR83/2020)

God sorg

In Palestina en sy buurstate was daar baie voëls. In Levitikus 11:13 word 19 soorte genoem: arende, swartaasvoëls, valke, kraaie, steenuile, ooruile, seemeue, visarende, ensovoorts. Die eienskap waaroor al hierdie voëls beskik, is dat hulle nie saai en maai nie, en niks versamel in skure nie, en tog word hulle deur die hemelse Vader versorg. Dit beteken nie dat die voëls nie die heeldag baie besig is om insekte en wurms bymekaar te maak, hulle neste reg te maak, en vir hulle jong kuikens te sorg en hulle te leer om te vlieg nie.

Daar is twee dinge wat ons as mense van die voëls kan leer. Voëls is nie daaraan skuldig dat hulle die goeie dinge oordoen, soos die ryk man van Lukas 12:16, nie. Tweedens tree die voëls instinktief op: God sorg vir die kos en hulle reageer deur dit te vang as hulle dit sien. Mense saai en oes, en daarmee saam versamel hulle tot oorlopens toe, in groot hoeveelhede en ignoreer somtyds die beloftes van die Here. Dit maak dat mense hulle bekommer, meer as wat vir hulle gesond is.

Die tweede voorbeeld uit die natuur is wilde narsings of lelies. Jesus Christus dink hier aan al die mooi blomme wat hulle prag oor die velde 'n sekere tyd van die jaar uitsprei. Sonder enige harde werk van hulle kant af, en enigiemand wat hulle versorg, is hulle skoonheid daar vir almal om te bewonder. Van die mindere na die meerdere word mense daarop gewys dat God vir daardie blommeprag sorg wat maar vir 'n kort tydjie bestaan, hoeveel méér sal Hy nie vir sy kinders sorg nie. Hoe klein kan ons geloof nie somtyds wees nie?

Sing: Psalm 148-1:4

Dr. J (Jan) Lion-Cachet (Klerksdorp)